# Ons God maak alles

## Genesis 1

------------------------------------------------------------

**Doelwit:**
KOP: Die kind moet die Genesis 1-verhaal ken en weet dat God alles gemaak het. Dit sluit , vir veral die ouer kind, die begrip in dat selfs as huise, maaltye, besittings ens. nie direk deur God gemaak is nie, God die grondstowwe daarvoor maak.
HART: Die kind moet begeer om mense, diere en dinge te behandel soos God wil – want dis alles God se maaksel.
HANDE: Die kind moet mense, diere en dinge behandel soos God wil – want dis alles God se maaksel.

**Benodighede:**
Vir Bybelverhaal:
Klei/ kryt en papier/ bloubokkies, vir inleiding
Jou Bybel - hou in jou hande terwyl jy vertel
Papier op 'n harde oppervlak geplak en 2 kleure kryte of kokis/ swartbord en 2 kleure bordkryt/ witbord en 2 witbord merkers, vir die prent wat tydens die les geteken word.

Vir vers-aktiwiteit: Die teksvers op papier: Genesis 1:31 Alles wat Hy gemaak het, was baie goed.
'n kussingsloop met meeste van die volgende goed. Tydskrif-prentjies van die items sal ook werk.: 'n metaalvoorwerp soos byvoorbeeld 'n lepel of 'n oorbel, 'n grashalm, 'n plastiek-speelding, 'n blokkie sjokolade, 'n stukkie lap (verkieslik 'n funksionele item, byvoorbeeld 'n stukkie popklere of babaklere om klere voor te stel), lekkers, 'n bol wol, 'n blom, 'n appel, 'n handgetekende prentjie, 'n gekookte eier, 'n koekie.

Vir kuns-aktiwiteit: Potlode of kryte, en papier vir elke kind, wondergom of kleeflint om dit op die muur te plak.

**Program:**
Bid
Lied (opsioneel)
Teksvers-aktiwiteit
Bybelverhaal
Lied (opsioneel)
Kuns-aktiwiteit (opsioneel)
Bid

------------------------------------------------------------

**Bid:**

Dank die Here vir die mooi dinge wat Hy gemaak het. Dank Hom vir hoe hy elke kind in die klas gemaak het. Dank hom verkieslik met elke kind se naam:, bv. "Dankie dat U Louise en Jenna en Pietman en Juandré en ... gemaak het. Dit wat U gemaak het is baie goed."

**Sangtyd, moontlike liedjies:**

>"Party mense het geen idee hoe groot God is nie! God het alles gemaak, en is groter as alles! Hy maak die berge en die see en alles op die aarde. Kom ons sing oor hoe groot Hy is om dit alles te kan maak!" Liedjie: **My God is so Groot,** met bewegings

> (Vir ouer kinders, of groepe wat minstens 40% Gr 4 en ouer kinders insluit): "As jy kyk wat God gemaak het, voel jy ook lus om Hom te prys? Om te juig beteken om regtig bly te wees, en hierdie lied sing oor hoe bly ons is oor ons God sulke mooi dinge maak. Hierdie is 'n bid-lied. Probeer om aan God te dink, dan praat jy met Hom en sing vir Hom die woorde:" **O Heer my God (as ek in eerbied wonder)**

**Aktiwiteit 1: Dis alles goed!** (As jou klas uit grootliks ouer kinders bestaan, kan jy hulle vra om meer saam te praat – vra hulle waarvan lap gemaak word, of hulle weet waar metaal of plastiek vandaan kom, ens.)

Laat een kind op 'n slag sy hand insteek en iets uithaal. Dan vra jy hom of God die item gemaak het. Hier is voorbeelde:
>"Het God blomme gemaak? Ja! En wat God gemaak het, was goed! Kom ons sê die vers saam." Wys vir hulle die vers en laat hulle dit saam een keer opsê.
>"Het God sjokolade gemaak? Nee, maar Hy het koeie gemaak en gemaak dat hulle melk gee. So kry mens melk vir sjokolade. Hy het suikerriet gemaak waar mens suiker kry om sjokolade te maak, en kakaobone wat ook belangrik is vir sjokolade maak." En wat God gemaak het, was goed! Kom ons sê die vers saam." Wys vir hulle die vers en laat hulle dit weer een keer opsê, hierdie keer harder.
>"Het God lepels gemaak? Nee, maar Hy het staal gemaak en dit in die klip en grond gelos waar ons dit uitkry, dan maak ons alles van lepels tot karre daarvan." En wat God gemaak het, was goed! Kom ons sê die vers saam." Wys vir hulle die vers en laat hulle dit weer saam een keer opsê, hierdie keer fluisterend.
> "Lap. Het God lap gemaak? Het God jou klere gemaak? Nee, maar lap kom van goed soos die katoenplant. En God het die plante gemaak. Kom ons sê die vers weer saam op, hierdie keer terwyl ons op een been staan."


'n Koekie se bron is meel, wat van koring kom, botter wat van koeie kom, en suiker. Plastiek (die plastiek-speelding) kom van steenkool, sout en ru-olie wat God maak. 'n Prentjie word gemaak op papier, wat van bome gemaak word, met potlode wat van hout (bome) gemaak word). En jy teken wat jy sien, so jy gebruik oë wat God gemaak het. Appels en blomme en gras is goed wat God net so maak.

Na elke item sê julle die vers op, en laat die volgende kind 'n item uit die sak haal. Laat hulle die vers met 'n ander beweging opsê elke keer, byvoorbeeld hande klap op elke woord/ op een been staan/ in die ronde draai terwyl hulle dit sê/ 'n ooparm-beweging by “alles” en 'n duim-in-die-lug beweging by “goed”...


**Bybelverhaal:**

**Inleiding:** Roep 2 kinders vorentoe. Gee vir een klei, of kryt en papier, of 'n paar boublokkies. Vra hom om 'n huisie te maak, gou-gou. Bedank die kind en laat hom gaan sit. Vra dan 'n tweede kind* om ook 'n huisie te maak. As hy dan gryp vir die boublokkies/ kryt/ klei wat die ander kind gebruik het, vertel hom dat hy iets anders moet doen: Hy moet 'n huisie uit niks maak. Hy sal jou vertel hy kan nie.
Vertel dat hierdie kind reg is - ons kan nie iets maak uit niks nie, maar God kan. "Die Bybel vertel ons hoe God alles gemaak het...(Hou jou Bybel oop voor jou terwyl jy verder vertel:


**Les:** Die aarde was woes en leeg, maar God was al klaar daar! Die Bybel sê God se gees het oor die water gesweef. Die aarde is mos rond - hierdie prent is 'n deel van 'n ronde, leë aarde. (Teken die aarde-buitelyn.) Die res sal hier (wys met jou vingers waar die res van die bal sal kom, sodat die kinders verstaan hierdie is die buitelyn van 'n ronde, leë aarde) kom.




God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. God skei toe lig van donker. Hier is 'n manier om te onthou wat God op die eerste dag gedoen het: Ek maak hier 'n 1, en dan kleur ek donkerte aan die een kant van die 1 in. (As jy op 'n swartbord werk, het jy klaar donkerte. Dan kleur jy wit in aan die lig-kant.)
En God het gesien dit is goed!




Op die tweede dag (teken 'n 2 ) het God gesê die water op die aarde moet apart wees van die water bo die aarde. Weet jy wat is water as dit bo in die lug sweef? (Laat die kinders antwoord.) Dis reg! Water in die lug is wolke. (Teken wolke en teken 'n paar golfies op die aarde, om water voor te stel.)
En dit was weer so: As God net praat, gebeur dinge so - dis hoe 'n groot God Hy is!




Op die derde dag (teken 'n 3) het God gesê dat die water op een plek moet bymekaar kom, sodat land sigbaar word. Hierdie 3 is nou die lyn tussen see en land: Land aan hierdie kant, see aan hierdie kant. (Wys na die kant waarvan jy praat.) God het die aarde laat plante uitspruit ook. (Teken gras en 'n boom.)
En God het gesien dit is goed!



Van die 4de tot die sesde dag het God dinge gemaak om in die groot goed te sit wat Hy die eerste 3 dae gemaak het. Op die 4de dag het hy dinge gemaak vir die lig en donkerte van dag 1. (Teken 'n 4 aan die lig-kant en nog een aan die donker-kant.) In God se lig het hy 'n son gemaak. (Teken die son in). God het ook die maan en sterre gemaak wat ons in die donker sien. (Teken 'n maan en sterre aan die donker-kant.)
En God het gesien dit is goed!




Op die 5de dag het God goed gemaak vir die 2de dag se water en lug. (Teken 'n 5 in die water en nog een in die lug.) God het visse gemaak (verander die water-5 in 'n vis) en voëls (verander die lug-5 in 'n voël.
En God het gesien dit is goed!



Op die sesde dag het God dinge gemaak vir die land wat Hy laat sigbaar word het op... watter dag het God nou weer land laat sigbaar word? (Laat die kinders antwoord.) Ja - die derde dag.
(Teken 4 sesse) God het diere gemaak (teken diere rondom twee 6'e).
En God het gesien dit is goed!

En toe maak God sy heel beste skepsel... Hierdie een, wou God hê, moet 'n prentjie wees van God. Die Bybelwoorde daarvoor sê dis God se beeld... mense! Teken stokmannetjies om twee 6'e. Mense - soos ek en jy - is die beste ding wat God gemaak het. En God kyk toe na wat Hy gemaak het. Dit was elke keer goed, maar noudat mense by is, sien Hy dit is **baie** goed!



**Aktiwiteit: kuns**

Vra die kinders om iets te teken iets wat hulle bly is dat God dit gemaak het. (As jy moeite wil doen kan jy ook, in plaas van teken, takkies, grond, blare, klippies en gom saambring, sodat hulle die prent kan maak met iets wat God gemaak het.)
Laat hulle die prente opplak onder die vers op die klasmuur – hierdie is dinge wat God goed gemaak het!
(As jy ouer kinders in die klas het, onthou dat hulle dikwels bang is vir veroordeling oor hulle "swak" teken of sing of wat ookal – hulle het selfs meer aanmoediging nodig as kleintjies, en die versekering dat die atmosfeer nie veroordelend is nie, en dalk selfs dat mens praat oor hoe God wil hê dat jy Hom eer met alles – selfs jou skewe prente of onvolmaakte stem.)

**Afsluit met gebed.** "Het jy al 'n speelding gekry wat jy nie weet wat 'n mens daarmee doen nie? Wat doen jy dan? Jy kyk op die boks, want die speelding se maker weet hoe jy dit moet gebruik. Wie is jou maker? God. God weet wat jy met jou lewe moet doen. Wie maak vir jou ma en pa, en die kinders hier om jou in die klas en vir my wat vir jou klas gee? God. God weet hoe jy jou ouers moet behandel, en ander mense moet behandel - want Hy maak dit. God weet hoe jy die bome en berge en natuur moet behandel - Hy maak dit ook.
Kom ons bid en vra vir God om jou te wys hoe jy die mense en dinge wat Hy gemaak het moet behandel. " Laat elke kind wat wil hardop bid.

--------------------------------------------